FUNGICIDE






# Fighter™

Reg. Nr. L7330 Wet Nr. 36 van 1947

## ‘n Sistemiese wateroplosbare vloeistof swamdoder vir beheer van siektes in gewasse soos aangedui.

### Wat is Fighter™:

- **Fighter™** is fosforigsuur swamdoder wat hoogs effektief is teen plantsiektes uit die Oomycetes groep van swamsiektes, bv. *Phytophthora* spp. (wortel- en bruinvrot) in sitrus, *Plasmopara viticola* (donsige skimmel) in druiwe and *Phytophthora infestans* (laatroes) in aartappels.
- **Fighter™** is ook effektief teen *Venturia inaequalis* (Appelskurf) in appels. Die unieke formulasie help met opname en translokasie van die aktiewe bestanddeel in die plant om effektiewe beheer te verkry.

### Voordele van Fighter™:

- **Fighter™** is ‘n vloeibare formulasie wat maklik deur die plant opgeneem word met uitstekende basipetale en akropetale translokasie in die plant. Gevolglik beweeg die aktiewe bestanddeel opwaarts na nuwe groei sowel as afwaarts na nuwe wortelgroei in die wortelsone.
- **Fighter™** het ‘n tweevoudige aksiemeganisme, dit inhibeer ontwikkeling van die siekte in die plant sowel as spoorvorming. Aktiveer ook die vrystelling van chemiese stresverbindings in die plant wat dien as seine vir die plant om die verdedigingsrespons te verhoog.
- **Fighter™** bevat salisielsuur.
- Salisielsuur aktiveer die “immuunstelsel” van die plant teen patogene.
- Salisielsuur is betrokke by sistemies geïnduseerde weerstand wat die plant stimuleer om aktiewe weerstand te aktiveer sodra dit deur ‘n patogeen aangeval word.

### Waar word Fighter™ gebruik:

- **Fighter™** word gebruik wanneer toestande gunstig is vir ontwikkeling van genoemde siektes.
- **Fighter™** pas in as deel van beheerprogramme vir genoemde siektes.

### Hoe om Fighter™ te gebruik:

- **Fighter™** is hoogs effektief as ‘n blaartoediening.
- **Fighter™** kan ook in die grond toegedien word of as ‘n stamverf behandeling in sitrus.
- Die dosis van **Fighter™** wissel van 3 ℓ/ha tot ‘n maksimum van 7 ℓ/ha.
- Grondtoedienings in sitrus vereis ‘n dosis van 11 ℓ tot 22 ℓ met genoeg water om die produk in die wortelsone van die boom in te loog.










*Sien etiket vir verdere instruksies en inligting

Download our Rolfes Agri App
www.rolfesagri.co.za
Rolfes Agri (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
288 Mundt Street, Waltloo, Pretoria
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418
Rolfes Agri